



## Hoe kan ons ons babas ondersteun terwyl hulle leer?

Babas word gebore met die wil om te leer. Sels klein babatjies gebruik hulle sintuie om die wêreld om hulle te verken.

Ouers, sorggewers en VKO-praktisyns is 'n jong kind se eerste onderwysers.

Babas leer deur al hulle sintuie: hulle luister en reageer op hulle mammies se stemme en reuk, proe en leer hoe om te eet, kyk na alles rondom hulle en neem dit waar, glimlag en reageer, raak aan en voel aanrakings.

Om te kan groei en ontwikkel, het babas liefdevolle vertrouensverhoudings nodig.

Sorggewers kan 'n groot verskil maak deur in babas se moedertaal met hulle te praat en te speel, en stories en boeke met hulle te deel.

Jy kan die idees en aktiwiteite in hierdie voubiljet gebruik vir babas en jong kinders in jou VKO-sentrum of speelgroepie of by die huis.

Die idees is gebaseer op Boek 1 (Praat, speel en sing) en Boek 4 (Deel boeke). Dit is deel van 'n reeks van ses boeke vir kinders van geboorte tot vyf jaar oud. Die boeke word gebruik in ons Every word counts-program wat praktiese idees gee oor hoe om jong kinders se taalontwikkeling en vroeë leer te ondersteun.

Vir meer inligting oor hierdie materiaal en ons programme, besoek ons webwerf by [www.wordworks.org.za](http://www.wordworks.org.za), of kontak ons:  
Tel.: 021 788 9233 | Faks: 086 775 7930 | Adres: Jacobs Ladder 2, St James 7945

**Dit verg net 'n paar minute om 'n groot verskil te maak!**

# Speel

Weg!



Daar's die bal!



In hierdie prentjie het die ma die bal vir die baba weggesteek en 'n speletjie begin. Hulle het hierdie speletjie al voorheen gespeel en dus weet die baba hoe om na die bal te soek. Toe hulle die speletjie die eerste keer gespeel het, het die baba nie geweet wat van die bal geword het nie. Toe wys sy mamma vir hom waar om te soek. Sy moedig hom aan om aan te hou soek en prys sy pogings. Dit neem dikwels vele probeerslae om iets uit te werk!

Op watter ander plekke kan jy hierdie speletjie van soek en vind speel?  
Wat anders kan jy wegsteek?

Meer idees: Hou jou hande voor jou gesig en laat baba jou hande wegtrek en jou kry! Steek iets in jou hande weg en laat baba jou hande oopmaak om dit te kry. Babas kan hierdie speletjie oor en oor speel. Julle kan dit op die trein, in 'n taxi, of volgende keer as julle wag vir julle afspraak by die kliniek, speel.

# Speel

1

*Mama sê uit die kombuis:*

Ek kan sien jy hou van daar-  
die lepel – help dit vir jou seer  
tandjies?



2

Dis reg, maak dit toe,  
toe, toe. Mooi!

Uu-uu!



In hierdie prentjie het die ma vir haar baba 'n speelmandjie met veilige items gevul wat baba kan suig, vryf, skud, bekyk en slaan. Dit is hoe babas speel en leer! In prentjie 1 speel die baba naby waar sy ma skottelgoed was terwyl sy lekker met hom gesels. In prentjie 2 sien sy hoe hy die bottel probeer toemaak en sy praat oor dit wat hy probeer doen. Hy is lief daarvoor om haar stem te hoor!

Kan jy vier dinge vind om in jou baba se speelmandjie te sit? Was hierdie items deeglik en voeg gereeld nuwes by.

Meer idees: Hier is nog 'n paar goed wat jy in die mandjie kan sit: 'n houtlepel, borsel, plastiekbottel, sagte speelgoed. Speelmandjies kan jou baba besig hou terwyl jy in die huis besig is. Hou 'n ogie oor jou baba en moenie ophou gesels terwyl jy werk nie! Jy kan beskryf wat jou baba met die goed in die mandjie doen. Wanneer jou baba byvoorbeeld die pop optel en vasdruk, kan jy sê: 'Lief vir baba, lief vir baba.'

## Laat babas boeke leer ken



In hierdie prentjie kry die baba 'n kans om te sien hoe 'n boek lyk en voel. Haar ma laat haar toe om die boek self te ondersoek en die bladsye heen en weer te blaai. Sy sit naby die baba en help haar tussendeur om te blaai. Sy moedig die baba aan en gesels oor die prentjies – haar baba kan aan haar stem hoor dat boeke opwindend en vol skatte is!

Dink jy dat babas boeke kan geniet?

Het jou baba al 'n boek vasgehou? Wat dink jy sal sy daarmee doen?

Meer idees: Gee jou baba 'n kans om alleen na 'n boek te kyk en 'n boek te ervaar, maar wees byderhand om seker te maak dat sy nie aan die boek kou en verstik nie. Laat haar die boek ondersoek deur daardeur te blaai, dit onderstebo te hou of agterstevoor deur te blaai. Stop wanneer sy moeg raak of belangstelling verloor! Moet nooit kwaad word as jou baba die boek laat val of dit onderstebo hou nie.

# Doen aksies

1

Kyk, hy klap sy hande!  
Kan jy ook jou hande klap?



2

Kyk hoe klap jy!  
Goed handegeklap!




In hierdie prentjie kyk die ma en seuntjie saam na 'n boek. Hy aap die aksies in die boek na en sy ma sê die woord: 'klap'. Hy sien die prentjie, doen die aksie en hoor die woord – dis hoe kinders leer! Later kan sy ma hom vra om vir sy pa of 'n ander lid van die gesin te wys hoe hy sy hande klap.

Wanneer het jy tyd om saam met jou kind na boeke of prentjies te kyk? Is daar enigiemand anders in die familie wat dit sal geniet om saam met jou baba deur boeke te blaai en met hom of haar te gesels?

Meer idees: Daar is baie woorde wat jy vir jou kind kan leer wanneer julle saam deur boeke blaai. Jy kan die dinge in die prentjies opnoem of praat oor al die dinge wat die mense in die prentjies doen (spring, slaap, hardloop, lees, dans). Doen die aksies sodat jou kind verstaan hoe die aksie, die prentjie en die woord bymekaar pas. Probeer elke dag tyd maak vir 'storietyd'. Jou kind sal uitsien na hierdie spesiale tyd saam met jou.

# Maak 'n kartonboekie



## *Voorbeelde van kartonboeke*

Om 'n bordboek vir babas te maak, het jy karton, 'n skêr, gom en kleefband nodig. Hier is 'n paar idees oor hoe om bordboeke te maak:

- gebruik min of geen woorde nie
- eenvoudige prentjies
- baie kleur
- prente oor babas se alledaagse aktiwiteite
- prente oor mense, diere en blomme
- prente van gesigte.

Babas kan vanaf 'n baie vroeë ouderdom aangemoedig word om bordboeke te begin hanteer. Stel vir hulle 'n voorbeeld en laat hulle dit geniet om boeke te verken en te kyk na die bladsy waarin hulle belangstel.